# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE** **1100/3**

PAPER 3 Conversation

Marks 20 **2017**

No additional materials are required.

This document consists of **9** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

## AFDELING 1: Gesprek oor voorgeskrewe werk

Hierdie afdeling sal die leerders se vermoë toets om die inhoud en literêre kenmerke van een van die werke wat behandel is, te bespreek.

Die volgende aspekte sal bespreek word:

**(a)** Agtergrond

**(b)** Simboliese betekenis

**(c)** Aanwending van die tyd

**(d)** Karakters

**(e)** Intrige

**(f)** Motiewe van spesifieke karakters

**(g)** Tema

**(h)** Bou van die roman of drama

**(i)** In die geval van ’n gedig: strofebou, beeldspraak

**[10]**

## AFDELING 2: Rolspelsituasies

In dié vraestel word **ses** verskillende rolspelsituasies geskep om die mondelinge vaardigheid van die kandidate te toets.

Hierdie rolspelsituasies kan ook in die klassituasie getoets word. Dit hoef nie noodwendig elke keer die onderwyser te wees wat die rol van: U (as onderwyser) … speel nie. Dit kan twee leerlinge wees aan wie ’n rol toegeken word en hulle dramatiseer die genoemde situasie.

Dit staan onderwysers vry om self te kies hoe hulle hierdie vraestel wil eksamineer. Dit kan tydens ’n gewone lesuur gedoen word of in die middae ná skool. Dit is egter belangrik dat hierdie mondeling so gou as moontlik ná die derde termyn begin het, afgeneem word.

**[10]**

## A Kuberboelies

Kuberboelies is ’n nuwe verskynsel van ons tyd. Onlangs was daar ’n voorval van iemand wat onder ’n vals naam ’n Facebook-profiel geplaas het. Die saak het in die hof gaan draai.

Jy (die kandidaat) gesels met een van jou ouers (die onderwyser) oor hierdie verskynsel.

**Riglyne:**

- Wat verstaan jy onder die woord “boelie”?
- Dink jy boelies is deesdae anders as vroeër?
- Wat verstaan jy onder kuberboelies?
- Op watter manier kan ’n kind die meeste getreiter word deur boelies?
- Watter nadele kan kuberboelie vir die kind inhou?
- Hoe kan leerders hierop bedag gemaak word?
- Watter rol kan ’n ouer speel om sy kind te beskerm?
- Watter voorsorgmaatreëls kan ’n leerder self tref om hom teen hierdie tipe boelie te beskerm?

**[10]**

## B Voortrekkery

Voortrekkery – begunstiging van ’n leerder in die klas.

Jy (die kandidaat) voer ’n gesprek met ’n leerder van ’n ander skool (die onderwyser) oor begunstiging van ’n leerder in die klas.

**Riglyne:**

- Het jy al ooit hiermee te doen gekry?
- Is daar voortrekkery in julle skool of dalk in sekere klasse?
- Hoe ervaar die res van die klas dit?
- Hoe tree julle op teenoor die “begunstigde” en/of die onderwyser?
- Hoe kan ’n mens so ’n situasie by die skool hokslaan?
- Hoe sal ’n mens so ’n situasie tuis hanteer?
- By wie sal ’n mens jou lot kan bekla of raad vra?
- Watter positiewe voorstelle kan jy maak om sulke situasies te vermy?

**[10]**

## C Opruimingsveldtog

Daar word by jou skool besluit om ’n opruimingsveldtog te hou om by te dra tot omgewingsbewaring.

Jy (die kandidaat) moet ’n veldtog loods om in ’n sekere gebied in en om die skool rommel op te tel. Jy bespreek jou strategie met jou onderwyser (die eksaminator).

**Riglyne:**

- Hoekom het julle besluit om dit te doen?
- Wie is almal betrokke?
- Hoe gaan jy al die persone motiveer om saam te werk?
- Wanneer en waar gaan hierdie opruiming plaasvind?
- Watter rol sal die munisipaliteit speel?
- Watter maatreëls beplan jy om in te stel om daarna die gebied skoon te hou?
- Hoe sal jou poging bydra tot die behoud van die ekosisteem?
- Hoe sou ’n mens hierdie projek verder kon voer, bv. na ander skole, die res van die dorp/stad?

**[10]**

## D Graffiti

Jou kunsonderwyser (die eksaminator) gesels met jou (die kandidaat) oor die vraag of graffiti kuns of vandalisme is.

**Riglyne:**

- Weet jy wat graffiti is?  Brei ’n bietjie uit.
- Is dit ’n alledaagse verskynsel?
- Waar kom dit gewoonlik voor en hoekom dink jy kom dit juis daar voor?
- Dra graffiti altyd negatiewe boodskappe oor?
- Verskil die boodskappe by die verskillende plekke?  Hoekom so?
- Hoe kan ’n mens graffiti positief aanwend?
- Hoe kan ’n mens leerders betrokke maak by versiering van die skool met graffiti?
- Hoe ervaar jy graffiti in jou onmiddellike omgewing?
- Sou jy ten slotte sê dis kuns, of vandalisme?

**[10]**

## E Verhoudings

Jou (die kandidaat se) verhouding het sopas skipbreuk gely. Voer nou ’n gesprek met jou ma/pa (die eksaminator) oor hoekom jy dink verhoudings deesdae so kortstondig is.

**Riglyne:**

- Hoe voel jy oor die verhouding wat pas beëindig is?
- Hoe dink jy kan jy dit verwerk?
- Wat beskou jy as die hoofoorsaak van die verbrokkeling van moderne verhoudings? Brei uit.
- Watter oorsake speel die vernaamste rol?
- Dink jy ’n stabiele huishouding is noodwendig ’n waarborg dat verhoudings kan hou in die moderne samelewing?
- Wat sou jou raad aan ander wees om ’n verhouding te laat werk?

**[10]**

## F Sepies

Die bekommerde onderwyser (eksaminator) bespreek met ’n leerder (die kandidaat) die invloed van sepies op tieners.

**Riglyne:**

- Kyk jy graag sepies en watter een is jou gunsteling?
- Dink jy dit kan verslawend wees?
- Dink jy dit is net tieners wat aan sepies verslaaf raak?
- Waarom dink jy het dit so ’n verslawende uitwerking op ’n groot deel van die mensdom?
- Hoe beïnvloed dit jou skoolwerk as jy aan TV verslaaf is?
- Hoe word die gesinslewe geraak deur TV-kyk?
- Kan TV veroorsaak dat jy jou realistiese uitkyk op die lewe verloor?
- Wat sou ’n mens kon doen om ’n balans in jou lewe te handhaaf?

**[10]**